U3A STILBAAI

VOORSITTER SE VERSLAG : 2017 – 2018

INLEIDING

U3A Stilbaai is in Mei 2015 gestig en speel ‘n waardevolle rol in Stilbaai deur stimulerende praatjies aan te bied en geleenthede te skep vir deelname aan ‘n veskeidenheid aktiwiteite aan ‘n groot aantal afgetredenes.

LIDMAATSKAP

Die ledetal van U3A Stilbaai het buite verwagtinge toegeneem. Ons het in 2015 begin met net meer as 20, met die stigtingsvergadering in Julie 2016 was die ledetal 122, dit het gegroei tot die huidige 278. By omtrent elke maandelikse vergadering sluit nuwe lede aan. Dit is weereens ‘n bewys dat U3A Stilbaai ‘n waardevolle diens aan die ouer mense in Stilbaai verskaf.

FINANSIES

Ons finansiële state word apart ter tafel gelê, die stand van ons finansies is gesond en dit is nie nodig dat ons ledegelde verhoog nie.

Totale U3A Stilbaai fondse: Totale bates op 30 Junie was R8 617.09, dit sluit die bedrae van die onderskeie Fondse hieronder gelys in. Die balans vir U3A Stilbaai was R6 225.07.

Jagersbosch Fonds: Nadat ‘n aansienlike bedrag uitgegee is om toerusting aan te koop en die klank stelsel in Die Waenhuis te installeer, is die balans van hierdie fonds nou R1 944.58. Oor die afgelope twee jaar het die fonds R23 027.60 ingekry; en ons het ‘n totale bedrag van R21 083.02 op toerusting en installering uitgegee.

Voëlgroep Fonds: Die gelde wat tydens die Voëlgroep vergaderings versamel word, word in hul eie Fonds gestort. Gedurende die jaar het R403.00 ingekom, en die groep het R291.56 uitgegee vir werk aan die Voëlskuiling by die rioelwerke; die balans van die fonds is R111.44.

Fotografie Groep Fonds: Die Fotografie Groep vergaderings se inkomste gaan ook na hul eie fonds, daar was geen uitgawes nie en die fonds staan op R336.00.

Dankie aan Max Döckel vir die interne oudit van ons finansies.

MAANDELIKSE PRAATJIES

Gedurende die jaar was daar 11 maandelikse praatjies, almal was goed bygewoon deur lede en gaste – die bywoningsyfers was tussen 57 en 101, met ‘n gemiddelde bywoning van 76. Die totale bywoning oor die jaar was 840. Ons dank aan al die sprekers vir hul moeite en toewyding.

‘n Lys van die praatjie is beskikbaar op ons webtuiste.

KURSUSSE

Voël identifikasie vir beginners: Die kursus wat 3 maal ‘n jaar deur Johan van Rooyen aan groepe van 4-5 aangebied word is baie populêr en vol bespreek vir hierdie jaar. Daar is reeds heelwat belangstelling in nog ‘n reeks in 2019.

Leer Stilbaai ken: Die Historiese Huise van Stilbaai toere wat verlede jaar so populêr was, is onlangs weer begin as “Leer Stilbaai ken” uitstappies; daar was ‘n proeflopie, en ons sal die uitstappie binnekort aanbied.

TED Praatjies: Die TED Praatjies was populêr gedurende 2017, maar bywoning het onlangs afgeneem. Ons het die praatjies tydelik gestaak, maar hulle kan maklik weer aangebied word as daar belangstelling is.

GROEPE

Stapgroep: Die groep stap op Vrydae oggende in en naby Stilbaai. Die verkose roetes wissel tussen 6 en 12 km (soms langer), met ‘n gemiddeld van ongeveer 8 km. Daar is meer as 50 lede in die groep, tussen 20 en 30 neem deel aan elke stap. Dit is ‘n genotvolle wyse om fiks te bly, nuwe vriende te maak en om Stilbaai en omgewing te ontdek en waardeer.

Wandelgroep: Die Wandelgroep loop tussen 3 en 5 km op Vrydae oggende, ‘n gemiddeld van 5 neem deel aan elke stap. Alhoewel die groep klein is, is dit tog belangrik want dit gee mense kans om sosiaal te verkeer terwyl hulle oefen met ‘n rustige stap.

Voëlgroep: Die groep ontmoet kwartaalliks met ‘n bywoning van tussen 20 en 40 – foto’s word vertoon, die voëlatlas projek word bespreek, en ander interessante aanbiedings oor voëls gedoen is. Daar is ook maandelikse uitstappies op ‘n Saterdag oggend wat deur 5-10 lede bygewoon word. Die hoofaktiwiteit is steeds die opnames wat vir die Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek gemaak word in 75 pentades wat die Hessequa munisipale gebied dek. Die opnames het gevorder na detail monitering wat ‘n minimun van twee opnames per pentade behels, eweredig versprei oor die vier seisoene. Die voëlskuiling by die rioolwerke is munisipale struktuur, maar was vuil en verwaarloos as gevolg van die deur wat oopstaan en openinge sonder luike. Klublede het met minimale klubfondse vir die deur ‘n “toemaakmeganisme” gemaak, asook luike wat kan toemaak. Die munisipaliteit het die skuiling gewas en dit is nou weer in goeie toestand.

Fotografie groep: Die groep het 25 lede en ontmoet elke tweede Maandag, ongeveer 12 woon die vergaderings by. Elke maand word ‘n foto projek gekies en die foto’s word gewys by die vergaderings – die meriete van elke foto word bespreek en aanbevelings oor verbetering word voorsien. Die standaard van die foto’s het geweldig toegeneem oor die afgelope jaar. Die toerusting van lede wissel van SLR kameras tot selfone. Die groep geniet hulself terwyl hulle streef om beter foto’s te neem.

Aandele groep: Die groep het 16 lede en vergader elke drie maande, maar hulle ruil gereeld inligting uit. Hul besprekings dek tendense en verwagtinge van die Johannesburg Effektebeurs, ekonomiese faktore wat ‘n invloed op die beurs het, grafieke van verskillende indekse en aandele, en beleggings moontlikhede.

Neuro-wetenskap groep: Tussen 6 en 8 persone neem deel in hierdie groep wat gereeld vergader om onderwerpe van belang in die neuro-wetenskaplike veld te bespreek.

Dankie aan al die groepleiers vir die moeite en tyd wat julle insit om te verseker dat jul groep se aktiwiteite suksesvol is.

UITSTAPPIES

Hessequa Historiese Bergpasse: Van Junie 2017 tot middel Oktober 2017 was daar ses historiese bergpasse uitstappies waaraan ‘n totaal van 92 lede deelgeneem het. Die een-dag uitstappie het bestaan uit ‘n besoek aan die historiese Plattekloof Plaas, dan oor die Langeberg via Gysmanshoekpas, op pad word die roete van die historiese Plattekloofpas uitgewys. Na ‘n piekniek middagete bo op die kruin van Gysmanshoekpas, keer die groep terug na Riversdal en Stilbaai via Garcia’s pas.

DANKBETUIGINGS

Ons dank aan Jagersbosch vir die gebruik van Die Waenhuis vir ons vergaderings. Dit is ook bemoedigend om te sien dat ‘n toenemende getal van ons lede Jagersbosch ondersteun deur lede te word.

Dankie ook aan die Komitee vir hul ondersteuning en harde werk om die sukses van U3A Stilbaai te verseker.

Ter afsluiting wil ek julle, ons lojale lede, bedank vir jul ondersteuning en entoesiasme. U3A Stilbaai behoort aan julle, sonder julle sou ons nie hier wees nie. Dankie almal.

Niel van Wyk
Voorsitter: U3A Stilbaai
30 Junie 2018